Bybelvasvra: Paasfees

#Vraag 1:

Watter maaltyd het Jesus vir oulaas saam met Sy dissipels geëet?

Antwoord: Die Paasmaaltyd (Matt 26:17)

#Vraag 2:

Wat het Jesus by hierdie maaltyd ingestel?

Antwoord: Die Nagmaal (Matt 26:26-28)

#Vraag 3:

Wie was Jesus se verraaier gewees en hoe het Jesus hom aangewys?

Antwoord: Judas, die een wat saam met Jesus sy brood in die skottel gesteek het (Matt 26:23)

#Vraag 4:

Wie het Jesus gesê sou Hom verloën?

Antwoord: Petrus (Matt 26:34-35)

#Vraag 5:

Hoe sou Petrus weet dat hy Jesus verloën het?

Antwoord: Die haan sou kraai (Matt 26:34)

#Vraag 6:

Wat het Jesus in die tuin van Getsemane gaan doen?

Antwoord: Hy het gaan bid (Matt 26:36)

#Vraag 7:

Hoekom wou Jesus gaan bid het?

Antwoord: Hy was bedroef en beangs gewees (Matt 26:37)

#Vraag 8:

Wie het Jesus saam met Hom geneem toe Hy gaan bid het?

Antwoord: Petrus en die twee seuns van Sebedeus (Matt 26:37)

#Vraag 9:

Hoeveel keer het Jesus gaan bid?

Antwoord: Drie keer (Matt 26:44)

#Vraag 10:

Wat was Judas se teken vir wie die soldate gevange moes neem?

Antwoord: Die een Wie hy met ‘n soen groet (Matt 26:48)

#Vraag 11:

Wat het een van Jesus se dissipels met die slaaf van die hoëpriester gedoen?

Antwoord: Sy oor afgekap (Matt 26:51)

#Vraag 12:

Wat het Jesus se dissipels gedoen toe Hy gevange geneem is?

Antwoord: Weggehardloop (Matt 26:56)

#Vraag 13:

Wat is Judas betaal om Jesus te verraai?

Antwoord: 30 silwer muntstukke (Matt 26:15)

#Vraag 14:

Wie was die hoëpriester voor wie Jesus verskyn het?

Antwoord: Kajafas (Matt 26:57)

#Vraag 15:

Wat het die hoëpriester gedoen toe Jesus gesê het dat Hy die Seun van God was?

Antwoord: Hy het sy eie klere geskeur (Matt 26:65)

#Vraag 16:

Waarvan het hy Jesus aangekla omdat Hy so gesê het?

Antwoord: Dat Hy God gelaster het (Matt 26:65)

#Vraag 17:

Wat was Jesus se straf hiervoor gewees?

Antwoord: Die dood (Matt 26:66)

#Vraag 18:

Hoeveel keer het Petrus vir Jesus verloën?

Antwoord: Drie keer (Matt 26:75)

#Vraag 19:

Hoe het Petrus geweet dat Hy Jesus verloën het?

Antwoord: Die haan het gekraai soos Jesus gesê het dit sou doen (Matt 26:75)

#Vraag 20:

Jesus is die volgend môre na Pilatus toe geneem. Wie was hy gewees?

Antwoord: Die Goewerneur (Matt 27:2)

#Vraag 21:

Judas het spyt gekry omdat hy Jesus verraai het. Wat het hy gedoen?

Antwoord: Hy het die geld teruggegee en homself gaan ophang (Matt 27:3-5)

#Vraag 22:

Wat het hulle met die geld gedoen wat Judas teruggegee het?

Antwoord: ‘n Stuk grond gekoop as ‘n begrafplaas vir vreemdelinge (Matt 27:7)

#Vraag 23:

Wat word die stuk grond tot vandag toe genoem?

Antwoord: Bloedgrond (Matt 27:8)

#Vraag 24:

Wat wou die mense hê moes Pilatus met Jesus doen?

Antwoord: Hom kruisig (Matt 27:22)

#Vraag 25:

Wie wou die mense hê moes Pilatus vrylaat?

Antwoord: Barabbas (Matt 27:17)

#Vraag 26:

Wat het Pilatus gedoen om te wys dat hy onskuldig aan Jesus se bloed was?

Antwoord: Sy hande gewas (Matt 27:24)

#Vraag 27:

Wat het die soldate vir Jesus aangetrek en op Sy kop gesit?

Antwoord: ‘n Pers mantel aangetrek en ‘n doringkroon op Sy kop gesit (Matt 27:28-29)

#Vraag 28:

Wie het Jesus se kruis na Golgota gedra?

Antwoord: Simon van Serene (Matt 27:32)

#Vraag 29:

Wat beteken die naam Golgota?

Antwoord: Kopbeenplek (Matt 27:33)

#Vraag 30:

Wat het hulle vir Jesus gegee om te drink terwyl Hy aan die kruis gehang het?

Antwoord: ‘n Mengsel van wyn en gal (Matt 27:34)

#Vraag 31:

Wat het die soldate bokant Jesus se kop geskryf?

Antwoord: Dit is Jesus, die koning van die Jode (Matt 27:37)

#Vraag 32:

Wie was saam met Jesus gekruisig?

Antwoord: Twee rowers (Matt 27:38)

#Vraag 33:

Wat het om 12 uur die middag gebeur?

Antwoord: Daar het duisternis oor die hele land gekom (Matt 27:45)

#Vraag 34:

Wat het Jesus uitgeroep net voordat Hy sy laaste asem uitgeblaas het?

Antwoord: My God my God, waarom het U My verlaat (Matt 27:46)

#Vraag 35:

Watter drie goed het gebeur die oomblik toe Jesus Sy laaste asem uitgeblaas het?

Antwoord: Matt 27:51

- Die voorhangsel van die tempel het van bo na onder middeldeur geskeur.
- Die aarde het geskud en die rotse het uitmekaar gebars
- Grafte het oopgegaan en baie gelowiges wat dood was is opgewek en hulle het uit hulle grafte gegaan.

#Vraag 36:

Wat het die soldate gesê toe hulle al hierdie goed sien gebeur?

Antwoord: Dat Jesus waarlik die Seun van God was (Matt 27:54)

#Vraag 37:

Wie het Jesus in sy eie graf begrawe?

Antwoord: Josef van Arimatea (Matt 27:57)

#Vraag 38:

Wat het hulle voor Jesus se graf gesit omdat hulle bang was iemand steel Hom?

Antwoord: ‘n Wag (Matt 27:65)

#Vraag 39:

Wie het die Sondagmôre na Jesus se graf toe gegaan?

Antwoord: Maria Magdalena en die ander Maria (Matt 28:1)

#Vraag 40:

Wat het gebeur toe die vroue daar aankom?

Antwoord: Matt 28:2
- Daar was ‘n geweldige aardbewing
- ‘n Engel van die Here het van die hemel af gekom
- Die engel het die klip voor die graf weggerol en daarop gaan sit

#Vraag 41:

Hoe het die engel gelyk?

Antwoord: Sy voorkoms was so blink soos weerlig, en sy klere so wit soos sneeu (Matt 28:4)

#Vraag 42:

Wat het die engel vir die vroue gesê?

Antwoord: Dat Jesus nie daar was nie, dat Hy uit die dood opgestaan het soos Hy vir hulle gesê het (Matt 28:5)

#Vraag 43:

Wat moes die vroue vir die dissipels gaan sê?

Antwoord: Dat Jesus oppad Galilea toe was, en dat Hy hulle daar sou sien. (Matt 28:7)

#Vraag 44:

Wie het skielik voor die vroue gestaan?

Antwoord: Jesus (Matt 28:9)